UITGAWE 1

April 2015




**BASAAR**

25 April 2015

09:30

Bring julle vriende en kuiergaste saam en kom geniet 'n egte plattelandse basaar in Leipoldtville.

**IN HIERDIE UITGAWE**


| | |
|---|---|
| Uit die pen van Ds Hennie | 2 |
| Aangename Kennis | 3 |
| Om Boer te wees<br>Van botter tot boom | 4 |
| VLV Vroue Presteer<br>Basaar Inligting | 5 |
| CPL Kompetisie inligting | 6<br>7 |
| Datums om te onthou<br>Lief en Leed | 8 |
| Advertensies | 9 |
| NG Kerk Leipoldtville<br>Ten Slotte | 10 |


# So onthou ons…

<u>Die Lig in die Vlei</u>

*Oom Sarel vd Westhuizen*

*Vroeër*
Gedagtes gaan terug na kinderdae.
Huisies van riet en klei.
Binne - die lig - 'n flikker kers.
Die ete eenvoudig want almal is.
Arm maar Gelukkig.
Familie saam om Bybel by lig van kers.
Arm, Gelowig, Geukkig.
Geliefdes saam by opsitkers-halfdonker.
Skaam, Verlief, Gelukkig.
By CSV word God geloof, by lig van kers.
Geloof so sterk. Gelukkig.
Debatsvereniging by die skool - die lig 'n olielamp. Gesprek gesond - Gelukkig.
Om die Sterfbed: Saam by die kers se lig.
Almal saam in rou.
Die afskeid maklik.
Daar's niks wat bind.
En as die dood dan kom.
Volg meer as dikwels.
Die ewig helder lig.

*Later*
Masjiene dreun - die kers verdwyn.
Die lig is helder waar die rykes woon.
Reeds begin die beter lig.
Ons wys wie ryk of arm is.

*Nog Later*
Evkomdrade volg die Vlei.
Lang pale skiet omhoog.
'n Skakelaar verskaf die Lig.
Ons sien mekaar nou beter.
Soos die groter voorspoed kom.
Saam met Evkom krag.
Het hebsug toegeneem.
Die spilpuntlig brand dag en nag.
Groter, Beter, Meer.
En niemand dink dat God die aar mag sluit.
En lower land. In dor woestyn kan skep.
Vergete is die feit.
Dat alle voorspoed Godgegewe is.
Ons gaan mekaar in haas verby.
In gejaag na geld en roem.
Die tweede groot gebod.
Het soos die kers verdwyn

*Te Laat*
By helder Evkom lig om siekbed saam.
Die afskeid swaar van aardse goed.
En as die dood dan kom.
Volg meer as dikwels.
Die ewig groter duisternis…

# Gesondheidsdienste besoek CPL





Op 24 Maart 2015 het CBS die Christelike Privaatskool Leipoldtville besoek en die leerders meer geleer van gesondheid en higiëne.

# Uit die pen van Ds. Hennie de Kock

**Kyk Luister Doen**

1 Kor 15: 31- 34

*31 Elke dag word ek deur die dood bedreig. Ja, broers, dit is waar, net so waar as wat julle my trots is in Christus Jesus, ons Here. 32 As ek hier in Efese as bloot sterflike mens so teen wilde diere geveg het, wat het ek daarmee bereik? As die dooies nie opgewek word nie,"laat ons eet en drink, want môre sterf ons!"*

*33 Moet julle nie langer laat mislei nie: "Slegte geselskap bederf goeie sedes.*

> *33 Moet julle nie langer laat mislei nie: "Slegte geselskap bederf goeie sedes."*

*34 Kom tot besinning en moenie langer sonde doen nie. Party van julle is sonder kennis van God. Dit sê ek tot julle skande.*

Dit maak nie saak wie of wat jy is nie, die feit bly staan dat die dood dalk net agter die volgende draai vir jou staan en wag. Niemand weet wanneer die dood op jou voorstoep staan nie. Al waarvan ons kan seker wees is waarheen ons gaan as die dood sy opwagting maak.

*31 "Elke dag (sê Paulus) word ek deur die dood bedreig. Ja, broers,dit is waar, ..."*

Dit is 'n feit soos 'n koei. Ons almal lewe in die skaduwee van die dood en nee, ons hoef nie die heeltyd in vrees te lewe vir die dood wat om die draai lê nie. Sit eerder jou energie daarin om seker te maak dat jou saak met God reg is. Paulus draai nie doekies om nie: *34 "Kom tot besinning en moenie langer sonde doen nie. Party van julle is sonder kennis van God. Dit sê ek tot julle skande.* Dalk is jou lewe reg en is die boodskap eintlik vir iemand anders bedoel. Maar dalk is jy die een om dié boodskap aan daardie persoon oor te dra. Dalk spring daar iemand se naam in jou kop op en jy weet al lank dat daardie persoon se saak nog nie 100% met God uitgesorteer is nie. Vra sommer net so in 'n gesprek vir die persoon waarheen gaan hy as die dood môre aan sy deur kom klop. Die meeste van die mense sê gewoonlik dat hulle hemel toe gaan, want êrens steek daar nog iets vas van wat hulle in die Sondagskool geleer het.
Dan vra jy die volgende vraag: As jy daar bo in die hemel kom en hulle vra vir jou hoekom hulle jou moet toelaat en jou vriend antwoord enige iets anders as "omdat Jesus vir my sondes gesterf het", is daar perde. 'n Persoon wat nie seker is nie antwoord gewoonlik iets soos "ek was darem nie te sleg nie en het darem 'n paar goeie dade gedoen." Ons weet mos dat dit nie genoeg is nie.

Die mense met wie ons elke dag in aanraking kom, het ons broodnodig. Wat in hulle lewe gaan gebeur na jy die stukkie gelees het, het baie met jou te doen. Mag die vreugdevure hoog brand in die hemel, omdat ons 'n verskil gemaak het waar ons gaan. Dalk net omdat ons die mense om ons gewaarsku het dat 'n VDM lorrie hulle môre kan trap en dat hulle hulle saak met God moet regmaak. Dat hulle 'n persoonlike verhouding met God moet aanknoop en dat hulle hulle lewe in lyn met God moet kry.

Mag God ons krag gee om dit te doen. Mag ons ons skaamheid in ons sak druk en met die Gees se krag ander na 'n persoonlike verhouding met God lei.

# Aangename kennis



Ria Mouton is die nuwe speelskool Juffrou by CPL. Ria is oorspronklik van Citrusdal en het vir 'n rukkie skoolgegee by Bredasdorp.

Hjallie en Annatjie Enderstein is egter oud Leipoldtvillers. Hul voetspore het teruggeloop na waar hul harte lê … die Sandveld.



Angelique Peters is die nuwe Graad 1-3 Juffrou by CPL.



Angelique is oorspronklik van Klerksdorp en is vars uit die Universiteit van Pukke.

Rika en Stephen Geldenhuys was voorheen van Kommetjie in die Kaap. Hulle woon nou op hul plaas Arnion naby Skurfkop, Graafwater en boer met dorperskape. Ek het gehoor Stephen is 'n kranige perderuiter.

In ons volgende nuusbrief kan ons julle dalk verras met 'n foto van hulle.




Jannie Visser het by die Drooge Vallei Aartappelspan aangesluit op Sandfontein. Hy is oorspronklik van Piketberg, maar het voorheen al in Australië en in Amerika gewerk. Toe ek vir Jannie vra wat ek oor hom kan skryf, het hy gesê dat hy nie omgee as ek vir die mense vertel dat hy soos Brad Pitt lyk nie. Hy het homself goed ingelyf in sy tweede week hier in die Sandveld, maar daaroor moet julle homself uitvra. Selfs die plaaslike dokter het nog nooit so 'n voorval in sy spreekkamers gehad nie.



Conrad, Mari, Mischa en Connor Jacobs Aan die einde van Oktober 2014, het die 4 Jacobse met 2 perde, 2 Scotties en 2 katte ingetrek in die ecogroen bottelhuis op Leipoldtville.

Hulle ondervind die plaaslike gemeenskap se gasvryheid en die rustigheid kos vir die siel.



# Om Boer te wees

**WEG Louw (1913– 1980)**

O om 'n boer te wees wat werk
met sy hande in die son
die liewe, lange dag; om saans
moeg terug te kom
van die lande, en te slaap
tot die rooidag deur die vensters breek,
en teen die tweede hanekraai, oor die ryp,
die ploegstert vas te hou…

O om boer te wees en te werk
in God se sonskyn en reën;
om nooit te twyfel dat Hy weet
wat die beste is; om nog te glo,
as sy hart wil breek,
en voel dat hy, boer alleen,
met God kan praat, en dank
as laag-druipend daal die reën…

## Uitdrukking: Dis botter tot die boom

**Betekenis:**

Gesê van twee persone wat dik bevriend is.

(Engels: *They are like David and Jonathan*)

**Waar kom dit vandaan?**
Oorspronklik is dit gesê van huwelike waarin die bruidspaar duidelik tot oor hulle ore verlief was. Die vergelyking is moontlik dat die vriendskap soos daardie liefde is; 'n liefde so suiwer soos botter in 'n vat wat nie net bolangs nie, maar tot op die bodem onvervalste, puik botter is.



*Maroela Media*

# Leipoldtville se VLV

## Vroue Presteer

Leipoldtville VLV tak het skoonskip gemaak by die Konferensie op Aurora.

Maritha Louw het die Aurora trofee  ontvang vir beste gebak in die mikrogolf,  Cecile van Zyl die Hopefield trofee vir preservering, komkommerpiekels en doemaklontjies en Madelein Visser was tweede met gebak(brood) en tweede met haar botter.

Ons tak ontvang die Rosa Lategan Trofee vir die meeste punte in Handvlyt en ons tak ontvang ook ‘n sertifikaat vir verdienstelikheid.

Die oorhandiging vind plaas by ons volgende vergadering op 15 April 2015.

Voorsitter:

Elsabe Carstens.




# Basaar



## 25 April 2015

### 09:30

Basaar verskuif van 18 April na 25 April 2015

Ons nooi  almal  uit  na die geleentheid.

Bring julle vriende en kuiergaste saam en kom geniet ’n egte plattelandse  basaar in Leipoldtville.

Christelike Privaatskool Leipoldtville in samewerking met Clanwilliam Skou bied aan:

# Baba & Kleuter Skoonheidskompetisie

17 April 2015 om 14h30 te Clanwilliamskougronde

Inskrywingsfooi: R30.00pp

15:00-15:40 (0-1 jaar)

15:50-16:30 (1-2 jaar)

16:40-17:10 (2-5 jaar)

17:20-18:00 (5-8 jaar)

Vir meer inligting skakel CPL by 027 422 1409

Christelike Privaatskool Leipoldtville
in samewerking met Clanwilliam skou bied aan:

# Baba & Kleuter

# Skoonheidskompetisie

## Inskrywingsvorm

Besonderhede van deelnemer: ___________________________

Naam en van: ___________________________________________
Ouderdomsgroep: ________________________

| | |
|---|---|
| 15:00 – 15:40 | Baba kompetisie (0 – 1 Jaar) |
| 15:50 – 16:30 | Peuter kompetisie (1 – 2 Jaar) |
| 16:40 – 17:10 | Kleuter kompetisie (3 – 5 Jaar) |
| 17:20 – 18:00 | Jnr Skou koningin en koning (5 – 8 Jaar) |

Ouer inligting:_____________________________________________

Moeder se naam en van:
____________________________________
Tel/Sel no: __________________________

Vader se naam en van: _____________________________________
Tel/Sel no: __________________________

# Datums om te onthou vir April 2015

| Mon | Tue | Wed | Thu | Fri | Sat | Sun |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 Nagmaal | 3 Goeie Vrydag | 4 | 5 |
| 6 Gesinsdag | 7 | 8 | 9 | 10 | 11 | 12 |
| 13 Skole Heropen | 14 | 15 | 16 | 17 | 18 | 19 |
| 20 | 21 | 22 | 23 | 24 | 25 Basaar | 26 |
| 27 Vryheidsdag | 28 | 29 | 30 | | | |

# Lief en Leed

- **Marius en Welma Botes het op 23 Maart 2015 verhuis na Worcester. Ons wens die Botes gesin alle voorspoed toe.**
- **CPL moes ook vir Welma groet en die het dit goedgedink om vir Marna van Zyl in haar pos aan te stel.**
- **Sterftes: Tannie Hannie Basson (Vorige Koster)**
  **Jannie Koegelenberg (Seun van Tannie Grieta Koegelenberg)**
  **Frances Lalor (Dogter van Brendan en Anita Lalor)**
- **Geboortes: Patrick en Leana Hayes se dogtertjie Lize-Mari is op 25 Februarie 2015 gebore.**

# Advertensies




## Huis en Hartgoed

Gideon en Lana van der Merwe

Tel: 074 329 0197 of 074 423 1744

Epos: huisenhartgoed@gmail.com

Gaan loer gerus op facebook - Huis en Hartgoed

## OLIVES

**Hare - Grimering - Geskenke**

Oorkant Kaap Agri Graafwater

**Olivia Engelbrecht**

027-4221025

074 892 9678

*** Bekostigbare Pryse ***






## Gersbach Dienste

- Elektriese Installasies
- Automation
- Sonkrag
- Inventors
- Batterye
- Sonpompe & Panele
- Geysers

Skakel **Hein Gersbach** vir 'n gratis kwotasie by 083 666 8723

Epos: ietznietzelektries@gmail.com

Soetsuurdeeg Brood

Plaasbotter

Karringmelk

Cupcakes

Madelein Visser

083 941 9910





# NG Kerk Leipoldtville

Kerkkantoor

Tel: 027 412 2844 Faks: 086 210 7798

ngkleipoldtville@mylan.co.za

Leraar:
Ds. Hennie de Kock
Tel/Faks: 027 4122823
Sel: 083 263 0099
henniedekock@telkom.net

Koster:
Carol Loubser
Tel: 027 422 1347
Sel: 073 419 2830

Kassier:
Corlia Carstens
Tel: 027 4221030 (h)
Sel: 083 632 4284

Skriba:
Lida Slabber
Tel: 027 412 2331 (h)
Sel: 083 866 7760

# Ten Slotte

Met trots is ons eerste uitgawe van Die Leipoldt hier. Die doel van die Nuusblad is om almal in te lig van gebeure hier in ons omgewing . Ek hoop daar sal nog baie goeie en opwindende nuus wees wat ons met julle kan deel. Baie dankie vir hierdie geleentheid en dankie aan almal wat gehelp of net bemoedig het met hierdie eerste uitgawe.

Hier is 'n vakante pos beskikbaar vir 'n "Supersluiper " wat nuus moet versamel. Iets soos 'n "Leipoldtville -Paparazzi ".

SW van Zyl en Hentie Louw het ongelukkig alreeds aansoek gedoen, so asseblief, stuur spoedig julle aansoeke.

Laastens net hierdie belangrike punt: Die Leipoldt gaan ongelukkig geen advertensies plaas vir die verkoop van gades of skoonmoeders nie. Jammer daaroor.

Stuur enige nuus , advertensies of voorstelle na dieleipoldt@gmail.com

Baie Dankie

Karien O'Connell